# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 210
20 Januarie 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Sonder God?**

Iemand het by geleentheid gesê dat die Bybel geen troos kan bied aan mense wat nie Christene is nie, behalwe om mense te waarsku om hulself te staal vir die komende oordeel. Dit is 'n stelling wat in die era van menseregte en relativisme erg ongewild is. Wie is die mense wat nie glo nie?

Eintlik sou 'n mens kon praat van konsentriese sirkels. Op sy wydste is daar die mense wat glad nie glo nie.

Dit is die self-erkende en stille ateïste. Mense wat deur onkunde of 'n skewe verstaan van die werklikheid glo dat daar geen God is nie. Mense wat so ingenome is met hulself dat hulle in self-verheffing oortuig is dat geen God bestaan nie. Hulle is werklik bejammerenswaardig. Iemand anders het gesê: "Ateïsme is die sterwensuur van hoop, die selfmoord van die siel". Dit is waar. Met wie deel die waarlik dankbare mens sy optimale vreugde indien hy nie in geloof vashou aan 'n onsigbare ondersteuning en dieper begronding nie? Sonder geloof word die mens se bestaan een in 'n toevallige heelal sonder doel of rigting. Die evolusieleer het baie bygedra tot mense se reddelose bestaan in 'n denk waan van geen Skepper nie.

So op sy eie gesien, is die ateïsme 'n reddelose weeskind. Die gesindheid van die ateïs maak egter van hierdie patetiese mens 'n bitsige vyand. Die vraag is al by geleentheid gestel: "Waarom is die ateïs se teiken altyd Jesus Christus, en nooit Boeddha of Mohammed of Allah nie?" Dit is inderdaad 'n goeie vraag. Wat is dit wat maak dat ongeloof uitloop in gemene en venynige aanvalle op spesifiek die Christelike geloof? Die eerste aanhaling hierbo oor ateïsme as die sterwensuur van hoop is deel van daardie antwoord. Waarskynlik is 'n volgende deel van die antwoord dat jy net dit wat bestaan werklik kan haat, en net God Drie-Enig bestaan. Wat die rede ookal mag wees, die ateïs vind nêrens die absolute troos wat die menslike bestaan draaglik maak nie.

Die ander godsdienste van die wêreld hoef nie werklik saam groepeer te word nie, en tog is dit wat ons vandag gaan doen. Al die ander godsdienste is mens-gemaakte afgodediens om die mens se onrustige soeke na die ware God te sus of in die sand te lei. Een van die gevaarlikste en mees selfsugtige bewerings wat in ons tyd gemaak word, is om te stel dat alle gelowe geldig is. Dit is nie waar om te stel dat alle gelowe spreekwoordelik paaie teen dieselfde berg op is nie. Indien ons Christus (God) ernstig opneem, moet ons erns maak met Sy stelling dat HY die Weg en die Waarheid is, en dat niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie

(Johannes 14:6). Om mense dan te paai in hulle afgodediens, is om hulle die geleentheid te ontneem om tot ware geloof te kom. Die tragedie is dat dit soms sogenaamde Christene is wat hierdie panteïsme (*alles is God of God is in alles*) verwoord en verdedig.
Binne die Christelike tradisie was daar maar altyd mense wat op ander maniere ware geloof ondergrawe het. Die nuwe tendens is eintlik so oud soos die vroegste ketters in die eerste vyf eeue na Christus. Om te stel dat Jesus nie waarlik God is nie, om te stel dat Hy nie uit die dood opgestaan het nie, is om die hart uit die Evangelie te ruk. En tog is dit wat baie sogenaamde geleerde wetenskaplikes doen. Op grond van eie ongeloof en twyfel, ontken hulle die goddelikheid en voorbestaan van die Seun, mislei hulle ander mense om te dink dat die opstanding nie deel van die kern van die Blye Boodskap is nie. Paulus waarsku ons in 1 Korintiërs 15:19 "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense".
Die kernsake van ons geloof soos verwoord in die Niceense belydenis en die Apostolicum, is met goeie rede verwoord. Dit is die rots waarop ons staan. Daarsonder is ons eintlik almal verlore en sonder hoop of rigting.
Sonder ware geloof en 'n lewende verhouding met God is ons kas-ateïste. Die Bybel maak dit eintlik heel eenvoudig, reeds in die Ou Testament; óf jy glo in God en leef in gehoorsame verhouding met Hom, óf jy glo in jouself, iets anders óf iemand se hersenskim. Daardie bestaan buite geloof in God Drie-Enig is sonder hoop of diepe vreugde. Mag ons hierdie jaar en jare wat voorlê in gelowige verhouding met God leef.

## BERIGTE

### LITIGASIE

Ons wag op die uitspraak van die hoogste hof van appél in Bloemfontein. Indien die hof in ons guns beslis is dit steeds nie die einde van die stryd nie. Die NHKA het dit duidelik gemaak dat hulle sal voortgaan met die teeneis en dat hulle hierdie "geskepte" klein gemeentes sal bystaan in hulle eise. Die stryd om geregtigheid te laat seëvier duur voort. Gemeentes en lidmate word vriendelik versoek om **weer by te dra tot die regsfonds.** By voorbaat dank.

### GHG BESTUUR

Die GHG se dagbestuur vergader op 3 Februarie 2023. Enige sake wat u onder hulle aandag wil bring, enige versoeke, enige voorstelle of sake wat bespreek en aangespreek moet word, kan u vroegtydig deurstuur aan die Skriba. Kontak hom by
frans.marais@geloofsbond.org.za

## KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023

Baie dankie aan al die gemeentes vir die ondersteuning en die bestellings.
Lewensbrood 2023/24 is afgelewer en word al gebruik. Baie geluk aan almal betrokke by die pragtige publikasie.

### KOERSVAS

U word uitgenooi om berigte, artikels en nuus deur te stuur vir publikasie. Geliewe seker te maak dat die berigte,

foto's en advertensies een week voor publikasie deurgestuur word na johan.otto@geloofsbond.org.za
Koersvas en Die Skietlood sal hierdie jaar verskyn op:
20 Januarie
17 Februarie
17 Maart
21 April
19 Mei
16 Junie
21 Julie
18 Augustus
15 September
23 Oktober
17 November
15 Desember

**DRUKWERK**

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*

